

25 Februarie

Skrifgedeelte: Jesaja 8:23 – 9:6

Fokusgedeelte: Jesaja 9:2

Lig in die donker

Die profeet Jesaja beskryf die omstandighede waarin die volk van God destyds verkeer het as volslae duisternis en donkerte (8:22, 23). Daar was veral twee redes daarvoor. Die eerste was dat hulle vir baie jare deur vyandige volke vertrap en verdruk is. Die tweede was dat hulle van God afvallig geraak het. Daar was vir hulle geen hoop, geen toekoms nie. Net donkerte.

Wie ken nie die donkerheid van beproewinge nie? Jy sien naderhand geen lig meer wanneer jy groot finansiële probleme het of huweliksnood of wanneer jy langs 'n ernstige siekbed staan nie. Maar die donkerste donker sak op die mens toe wat deur ontrouheid en ongehoorsaamheid van God vervreemd geraak het. Daar bly vir so 'n persoon niks oor nie. Net donkerte.

Die helder lig van God se genade breek egter deur wanneer die gordyn vir 'n oomblik voor Jesaja weggeskuif word en hy in die toekoms kan inkyk. Hy jubel dit uit: “Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn” (9:1). En toe Jesus Christus, die lig vir die wêreld (Joh 8:12) gebore is, het die gryse Simeon die profeet se woorde geëggo:

“'n Lig het opgegaan, 'n helder stralebaan skiet deur die donker wolke.

Dit is Immanuel, die Vors van Israel, die lig van alle volke” (Sb 4-7:2).

Daarom die jubeling van 'n dankbare mens in vers 2: “U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydschap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel.”

Sing: Skrifberyming 3-1:1, 2, 3

Ds CJH Breed (Secunda)

